

Inhoud Hierdie preek wys dat mense hulle bevangenhede in verhoudings van oorheersing en afhanklikheid glo en ervaar as ware liefde. Die ellende van hierdie sondige verhoudings hou mense voor as die lot wat God vir hulle bepaal het wat hulle vroom-gelowig voor gediensdig en gelate voor sal buig met die houding “by God is jou beurt jou beurt en jou saak jou saak.” Christus verbreek hierdie magsgreep van goddeloosheid deur ons beurt sy beurt te maak en ons saak sy saak te maak. Só verlos die Here ons van magsverhoudings tot liefde vir God en ons naaste.

Skriflesing: Lukas 1: 67 – 79; Jesaja 58: 1 – 7; Jesaja: 61: 1 9; Luk. Lukas 4: 16 -

Teks Lukas 1: ⁶⁹n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid. ... ⁷¹om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters;

Tema: Christus verlos ons deur ons saak sy saak te maak en ons beurt sy beurt.

1. Kersfees gaan oor die vreugde dat God Homself ons Verlosser gemaak het. Dit is wie Christus is wie gebore is – die sterk Verlosser! Dit is wat ons vanoggend vier: die geboorte van ons sterk Verlosser!

Verlosser waarvan en hoe sterk?

Die Here het mense van hierdie goddeloosheid en ongeloof kom verlos waarin hulle vasgevang is: jou saak is jou saak en jou beurt is jou beurt!

Só kondig Hy self die betekenis van sy geboorte aan met sy eerste openbare optrede in Lukas 4 met twee aanhalings uit die profeet Jesaja: 1. Die Here is gebore en gesalf om die genadejaar te begin 2. Die genadejaar beteken dat Hy gevangenis gaan vrylaat, slawe van onderdrukking gaan bevry en blindes gaan laat sien.

Daarvan verlos Hy ons en só sterk is Hy!

Die profeet Jesaja wys die genadejaar is verlossing van die goddelose ongeloof dat mense hulle lot moet aanvaar dat jou beurt is jou beurt en jou saak is jou saak. (Jes. 58:7) Die genadejaar is Christus wat jou saak sy saak en jou beurt sy beurt kom maak.

2. Israel het die ballingskap oor hulleself gebring met hulle verwondering van die mag en lewenswyse van goddeloses. Dit was hul blindheid waarin hul aan die mag wat hul bewonder het, onderdruk is en gevange geneem was. Hulle het vasgevang geraak in en verkneg geword deur die magte wat hul bewonder het, maar het hierdie ellende wat hulle deur hul verwondering van goddelose mag, probeer toeskryf aan God. Hulle wou hul verstriktheid binne die magtigheid wat hulle in mense wou sien en deel van wou wees, voorhou as die lot wat God oor hulle bepaal en aan onderwerp het.

Daarom het hulle teenoor God hierdie skynheilige vroomheid gespeel: ons aanvaar ons beurt is ons beurt en ons saak is ons saak want God het dit so besluit!

Jesaja as profeet spreek hierdie ongeloof in hul lot só aan: ⁵Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? Noem jy dít 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou?"

Wat is hierdie ongelowige en goddelose houding teenoor God, om jou nek te buig soos 'n biesie in die wind en jouself in die openbaar te verneder deur in sak en as te sit?

Dit gaan oor die Israeliete wat deur die magtige ryk, Babilon, al hulle besittings, hul eie land, hul leefwyse in vryheid verloor het, en slawe gemaak is van die magsug, heerssug en gierigheid van die Babiloniërs in hulle goddeloosheid en afgodsdien.

Die uitdrukking: buig jou nek soos 'n biesie" beteken om jouself in die ongeloof teenoor God oor te gee: jou beurt is jou beurt. Hy speel nou groot en magtig en jou moet net buig voor sy magtigheid. Hulle het gemaak of dit hulle lot is om deur hierdie magtige ryk oorweldig, gemoor, geplunder en verslaaf te word.

Dit is nou maar net hul beurt dat God as die magtige wind hulle aan hierdie lot oorgegee het. Nek buig is die geestelike selfvernederling dat jy jou willoos, gelate, deemoedig, gedienstig, ondergeskik en onderhorig onderwerp aan die lot wat God vir jou bepaal het: om ons te laat moor, plunder en te laat verslaaf.

Nek buig soos 'n biesie voor God se magtigheid waarmee Hy jou lot verseël is die ongeloof in God: jou beurt is jou beurt!

Om in sak en as te sit was vir die Israeliete is 'n seremoniële demonstrasie van selfvernederling. Dit wys seremonieel spyt en jammerte vir die ellende wat hulle glo God oor hulle gebring het: jou beurt is jou beurt! Om in sak en as te sit beteken om jou aan die ellende oor te gee as boetedoening. God het ons in hierdie ellende gedompel en ons gee ons oor aan hierdie ellende om ons jammerte en spyt te wys.

Jou beurt is jou beurt: ons aanvaar dit van God in sak en as!

3. Hierdie nekbui en boetedoening voor God was geen bekering van hul sondige lewensingesteldheid gewees nie. Hierdie ongeloof in God "jou beurt is jou beurt", was juis presies net die houding voor en tot en met die ballingskap gewees. Al verskil was dat voor die ballingskap wat hulle gevangenes en slawe gemaak het, was hulle volgens hulle eie ongeloof die magtige wind voor wie God en mense moes gebuig het.

Die oproep tot 'n nuwe gehoorsaamheid teenoor God van die profeet, mag u nie sien as die oproep tot welsynsdien en maatskaplike werk nie. Dit kan maklik só misverstaan word in sy oproep:

⁶Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? ⁷Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat

jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?"

Die "juk" en "onreg" gaan nie allereers oor maatskaplike werk en armsorg nie. Dit gaan oor dit wat die profeet só beskryf:

"Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag. Hulle gee voor dat hulle 'n nasie is wat doen wat reg is en hom aan die bepalings van sy God hou. Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou."

Die wyse waarop hulle dit egter doen is om hulle nekke voor die Almagtigheid van God te buig en te glo dit is nou sy en ander se beurt om die magtige wind te wees en dit is nou hulle lot om hulle nekke voor hierdie wind te buig.

Die profeet wys dat die nuwe gehoorsaamheid is nie om jou nek voor mag te buig nie, maar om priesters en dienaars van God te wees. Dit is om reg lief te hê volgens God se wil. Hulle blindheid wat hulle gevangenes en slawe hou, is dat hulle nie liefde as liefde hoor nie, maar as 'n magtige wind wat ander buig. God is nou die wind en ons is die biesies in sak en as.

Jy hoor in die plek van liefde, selfvernedering en oorgawe aan God se mag.

In hierdie ongeloof van God se magtigheid en jou selfvernedering voor sy Almagtigheid – oorgawe aan jou lot: vra jy nog na die wet, maar het die wet sy betekenis en bedoeling verloor: liefde en diensbaarheid is vervang met willose gediensigheid en gelate ondergeskiktheid. .

So vra hulle nog na God se wil asof hulle wil weet wat Hy verwag, maar met die goddelose houding om hulle nekke soos biesies voor 'n magtige wind te buig en en sak en as te sit. So het hulle die hart, verstand en siel verloor om liefde te hê.

5. Waarvan moet die Israeliete verlos word?

Van die blindheid om te glo dat mag is liefde! Die blindheid wat hulle gevangenes en slawe maak. Sagaria, Johannes die Doper se pa stel dit só:

'n Sterk Verlosser wat ons verlos uit die hand van ons vyande en die hand van ons haters. 'n Verlosser wat ons uit die mag van ons vyande en haters verlos om ons te onderwerp en te misbruik vir hulle goddelose begeertes in hulle magsdrif en heerssugtigheid oor ons.

Wat is hierdie "hand", hierdie mag van ons haters en vyande?

Dit was van die begin tot die einde Israel se bewondering van die absolute mag van goddelose konings en nasies: Ons is die magtige wind en God en mense moet hulle willoos, gelate, gediensig en gedweë buig voor ons begeertes.

Israel is bedoel as die Here se verbondsvolk. Om dienaars en priesters vir God te wees: om binne God se trou en verbondsgenade om God te wees vir hulle,

hulle self aan God se roeping en wet te in liefde toe te wy. Jes. 61: 6; om binne God se verbondstrou verbind te wees aan die reg van God se wet. Jes. 61:8.

Maar Israel het hulle self nie meer as dienaars en priesters vir God, as sy verbondsgemeenskap gesien nie. Hulle was blinde rolspelers vasgevang en slawe van die spel wie is die wind en wie is biesies is sak en as, wie is heersers en wie is willoos, gelate, gedienstig en gedwee.

Hierdie magspel maak mense blind vir hul roeping om in liefde diensbaar te wees aan God en mense. Al die ellende van hierdie magspel word so geglo – jou beurt is jou beurt en jou saak is jou saak. Dit is God se lot vir ons!

7. Hiervoor is Christus as die sterk Verlosser gebore!

- Vir hierdie tipe blindheid in sy kerk: mag is liefde! Liefde is 'n verhouding van 'n sterk wind en biesies wat hulle koppe buig.
- Vir hierdie gevangenisskap van die kerk: om jou aan die mag van hulle wie jy bewonder willoos, gelate, gedienstig en gedwee uit te lewer.
- Vir hierdie armoede in die kerklike gemeenskap: om jouself te laat plunder en verniel deur hulle in wie se mag jy as liefde geglo het.
- Vir hierdie onderdrukking van sy kerk: om jouself nie meer binne die reg van God se wet te kan handhaaf nie, maar gedienstig te moet wees aan die begeertes en drifte wie se mag jy as liefde glo.

Hierdie verdraaide opvatting van mag is liefde is nie net 'n politieke leuen waarin mense vasgevang word nie. Dit is die werking van elke sonde in die huwelik, in besigheid, in ouerskap, in vriendskap en in elke gemeenskap: mag is liefde is die kern van elke verdraaide opvatting. Elke sonde is niks anders as 'n verhouding van oorheersing en afhanklikheid wat as liefde geglo en geleef word.

So is die man eendag dan die wind in die huis wat met sy emosionele, psigiese en woordelike geweld sy vrou as 'n willose, karakterlose en lewelose biesie buig, net om 'n paar dae weer as die biesie in sak en as jou nek te buig wanneer sy moreel bemaagtig is om weer die stormwind in die huwelik te wees. So leef ouers en kinders teenoor mekaar, stormwinde voor wie die nek gebuig word totdat jy weer die mag het om die nader te buig in dienstige, gelate en insiklike onderdanigheid.

Paulus noem dit na aanleiding van Jesaja 44 se beskrywing van hierdie goddelose verhoudings van oorheersing en afhanklik het “verdraaide opvattinge”. en beskryf dit in Romeine 1 as die verdraaide godsbeelde en menseopvattinge waarvan die Here ons verlos. Ons leef met die magshouding van ons verdraaide opvattinge: mag is liefde en die ellende, armoede, verdrukking en gevangenisskap waarin ons onself deur hierdie magshouding verstrik, maak ons ons lot by God!

In ons blindheid sien ons nie ons eie magshouding as die oorsaak van ons ellende nie, maar maak ons God die beskikker van hierdie lot: buig ons soos biesies voor die magtige God se lottobepalinge: armoede, onderdrukking, gevangenisskap,

onreg en onderdrukking.

7. Hoe verlos Christus ons uit hierdie goddeloosheid: Jou beurt is jou beurt! Jou saak is jou saak! Jy is of die wind of die biesies wat in sak en as buig!

Op presies net die teenoorgestelde wyse! .

Die aankondiging van die genadejaar van God en die bring van die blye boodskap in hulle nood is dat God vir hulle 'n sterk Verlosser gegee het. Hierdie sterk Verlosser is alles en behalwe die magtige wind voor wie hulle hul koppe soos biesies moet buig of voor wie hulle in sak en as oor hulle sonde moet gaan sit en hulle vir hulle sondes voor hierdie magtige Verlosser moet verneder.

Die wyse waarop hierdie Verlosser sterk is, is dat Hy hulle saak sy saak maak en hulle beurt sy beurt maak.

Sagaria stel dit só: ⁷³Met 'n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons, ⁷⁴gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien (⁷⁵in heiligheid en geregtigheid) al die dae van ons lewe.

Jesus word in sy menswording as God die heilige mens voor die wet van God (Luk. 1:35; Hand 3:13) en die regverdige mens voor die wet van God.(Hand 3:14; 7:52; 22:14)

Op hierdie wyse maak God ons saak sy saak. Hy word die regverdige en heilige mens wat ons nie vir Hom kan wees nie, in ons plek. Heilig en regverdig nie as onbereikbare en onbillike ideaal nie, maar heilig as volkome in liefde en regverdig as reg in liefde.

Christus maak ons saak sy saak deur as heilige en regverdige geoordeel te word, gekruisig te word en te sterf as onheilige en onregverdige mens voor God. Op hierdie wyse maak Christus ons wat altyd in ons liefde vir God onheilig en onregverdig is, heilig en regverdig: Hy laat ons deel in wie Hy in ons plek as mens is.

Ons saak om onheilig en onregverdig in onself te wees, het Hy sy saak gemaak en ons saak om voor God heilig en regverdig te wees in liefde het Hy ook sy saak gemaak.

Op hierdie wyse is Hy die sterk Verlosser om in ons plek te wees wat ons nie kan wees nie veroordeelde en verwerpte onheiliges en onregverdiges en ons vir God heilig en regverdig te maak, wat ons ook nie self kan wees nie.

Christus is ons sterk Verlosser deur ons beurt sy beurt te maak. Ons beurt om bevrees te wees vir God omdat ons onder die woede, toorn, oordeel, grimmigheid en haat van God moet staan, maak Hy sy beurt in sy lyding en kruisiging: Hy word die mens in god se woede, haat, oordeel en verwerping.

Sy beurt om in God se liefde, goedheid en guns mens te wees, maak Hy ons beurt op só 'n wyse dat Sagaria verkondig dat ons in Christus God nou onbevrees kan dien. Onbevrees dat ons beurt is ons beurt voor God.

8. Christus is ons sterk Verlosser. Hy maak die ewige verbond van God met Dawid in 2 Sam. 7 waar. (Luk. 1:3-1-33; 1:69). Hy maak die ewige verbond van God met Abraham vir ons waar en werklik. (Luk.1:71-75.)

Ons leef nie onder die magtigheid van God wat ons lot bepaal en verseël nie.

Ons leef in die seën van die verbond van die Here: die verbond wat Hy vervul deur ons beurt sy beurt te maak en ons saak sy saak te maak. Daarom vervul Christus die belofte van Jesaja 61: Almal wat na my volk kyk, sal besef dat hulle 'n volk is wat deur die Here geseën is

Hierdie seën van God mag ons nie gaan misverstaan as die voorspoed en geluk van ons eie drifte en begeertes nie.

Die seën dat ons onbevrees vir die Almagtige Hom in die heilige en regte liefde kan dien as priesters en dienaars van God soos Hy onderneem het om sy verbondsvolk te laat wees: gelowiges wie sy liefde en diens aan God geheilig en reg is vir God.

Die seën dat God nooit sy kerk aan hulle lot oorgee sodat hulle hul self soos biesies in die wind moet buig voor die lot wat God vir hulle verseël het en in sak en as hulle self moet verneder om te wys dat hulle hul ellende sien as die lot van God nie.

Omdat die Here ons sterk Verlosser is en ons beurt sy beurt naak en ons saak sy saak, kan en mag ons God nie ontteer in hierdie ongeloof nie.

Wie glo en leef uit die wete van die seën van God, leef ook anders – leef met die wete dat die Here ons seën en ons in hierdie geseëndheid mekaar kan raaksien en aanvaar. Anders as mense wat elkeen sy eie lot moet aanvaar en dra.

9. Dit is die ontdekking wat ons as kerk weer opnuut op Kersdag moet maak:

Ons leef nie onder die lotsbeslissing van 'n Almagtige God voor wie ons beurt ons beurt en ons saak ons saak is nie.

Ons leef in die seëninge van 'n genadige en barmhartige God wat ons beurt sy beurt gemaak het en ons saak sy saak gemaak het.

Hierdie Verlossing van die ongeloof in God se lot vir ons eie magsbedrywe en ons eie oorgawes en oornames van mekaar in ons eiemagtighede asof dit ons liefde vir mekaar is, maak dat ons weer innerlik tot mekaar in werklike liefde verbind is.

Die liefde volgens die eise van die wet van God Liefde in heiligheid en liefde in geregtigheid. Onbevrees toegewy aan God en mekaar in die volkome en regte liefde wat ons toegereken is in Christus.

In hierdie liefde waarin ons ons geseëndheid ken op die wyse waarop ons Verlosser ons seën, herken, sien, voel en ervaar ons elke naaste se saak ook as ons saak en ons naaste se beurt as ons beurt: kan ons nooit ons naaste binne die geloof in ons eie geseëndheid oorgee aan hulle lot nie.

Dit is tog wat ons met die gee van geskenke vir mekaar om Kersfees wys: ons leef geseënd en in die dankbaarheid van ons geseëndheid gee en deel ons ons lewe met mekaar.

10. Ons mag ons self nooit misgis met die diepte van ons eie sonde om ons drifte as liefde te leef en die blindheid waarin ons onself in hierdie verwronge liefde oorgee nie.

Ook nie met ons minagting vir God om Hom te onteer met 'n gemaakte gediensdigheid en onderworpenheid waar ons die armoede, ellende, onderdrukking en gevangenis van ons eie verwronge liefdes toeskryf aan Hom asof Hy dit as ons lot bepaal het nie.

Ons mag nooit God se liefde waarin hy ons beurt sy beurt maak en ons saak sy saak maak verwing asof Hy soos ons wil wees nie: jy saak is sjou saak en jou beurt is jou beurt nie. Ons moet in sak en as onself verneder voor hierdie magtige God van die magtiges!

Die Here het ons kom verlos van hierdie geloof dat liefde is om 'n magtige wind te wees of om biesies voor 'n magtige wind te wees!

Hy verlos ons om mekaar vas te vang en aan mekaar se begeertes willoos en gelate gediensdig te maak met die innerlike blindheid hierdie oorgawe is ware liefde.

Die Here maak ons heilig en regverdig vir sy liefde sodat ons weer in 'n nuwe liefde kan leef waar ons mekaar vasvang met die houding jou beurt is jou beurt en jou saak is jou saak nie. Ons het mekaar lief omdat God ons beurt en saak sy beurt en saak gemaak het.

Ons vang mekaar nie vas in liefde nie, ons dien mekaar in liefde volgens die wet van God.

As sondaars wat regtig sonde doen, kan ons onbevrees God en ons naaste dien in die wete dat ten spyte van ons sonde is ons God se priesters en dienaars: is ons liefde vir Hom heilig en regverdig deur Christus ons Sterk Verlosser.

Kom ons leef in die seën van God en leef as geseëndes van God met ons naaste!
“. ⁶Julle sal genoem word: Priesters van die Here, Dienaars van ons God.” “Almal wat na my volk kyk, sal besef dat hulle 'n volk is wat deur die Here geseën is.”

“Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul.”